Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe
Kompas

Jaargang 19 no 11
November 2010

- Vrug van die Gees – vriendelikheid 2
- Kerknuus 4
- Die heerlikheid van die Evangelie 4
- Vroulike ouderlinge? 7
- Stof jou doop af! 9
- Die natuur en geldsug 12
- Dwalende gedagtes in die chemokamer 13
- Reaksie 14
- Reënboogkerke 16
- Boekenuus 19

HERVORMING en die LIEDERE van die VERBOND

Wanneer *Kompas* verskyn, is die herdenking van Hervormingsdag op 31 Oktober pas verby. Ons kon dit in die erediens vier deur sang, gebed en prediking. Ons het die Here gevra dat die kerk 'n reformerende kerk sal bly. Vir ons as gereformeerdes wat in die lyn van Calvyn se hervormingswerk staan, is daar 'n besondere erfenis wat ons deel mag wees, nl. die psalms, die liedere van die verbond. Met die vertaling van die Bybel uit Latyn in Frans gedurende die Reformasietyd kon die kerklede self o.a. ook weer die psalms lees. Meer nog, die psalms is ook berym en getoonset. In die eeue wat die Reformasie voorafgegaan het, het die gemeente nie self deelgeneem aan die diens nie; alles, ook die sang, was in Latyn en gesing deur kore. 'n Geweldige rykdom dus: die kerklid mag weer deelneem aan gemeentesang en so hulle plek in die verbondsliturgie volstaan.

In hierdie uitgawe van *Kompas* is daar 'n mooi artikel oor die verbond, wat o.a. beklemtoon hoe die Here in die verlede en ook in ons tyd sy verbond in stand hou. Die sig op die "goue draad " in die Bybel en kerkgeskiedenis kan gou verloor word as gevolg van die post-modernistiese tydsgees waarin ons ons bevind. Daarom is die psalms as liedere van die verbond so belangrik. Dit gee 'n kragtige wapen in die hand van die moderne gelowige. Die post-modernistiese tydsgees streef na die onafhanklikheid van die mens, hy wil nie voorgesê word wat om te doen nie. Hy sal sy eie ding doen en sy eie heil uitwerk. Die lewenstyl word dekadent. Dit loop uit op ontreddering.

Hierteenoor staan die psalms wat vol is van die verbond en wat redding skenk. Ook in ons tyd. Want die psalms spreek van Christus. Altyd kom God as eerste na ons toe met sy verbondsbeloftes. Dit spreek van uitredding uit die slawehuis van die sonde en so ook uit die tydsgees waarin ons leef. Dit spreek van seën en heil as ons gehoorsaam is aan die eise van die verbond. Geen tydsgees kan standhou teen die psalms nie.

Mense wat met hierdie psalms spot, sal ook die volle toorn van God se wraak ondergaan in hierdie en in die toekomstige lewe. Ons moet realisties wees en daarvan kennis neem. Tog hoef ons nie in vrees te leef vir God se verbondsdreigings nie. God bewaar ons daarvoor. (Ps 46:4 berymd)
Die psalms gee ons 'n vaste basis en 'n swaard in die hand. 'n Wapen teen die gees van ons tyd.

(Die *Kerkblad* van die Gereformeerde Kerke het byna die hele Oktober 2010-uitgawe aan die Hervorming gewy. As u die tydskrif in die hande kan kry, lees dit gerus. Dit is voedsel vir die siel.)

Prof Hans Boon *is lid van die Vrye Gereformeerde Kerk van Johannesburg.*

Vrug van die Gees - VRIENDELIKHEID

Uit die Bybel

Vriendelikheid is 'n deug wat elkeen van ons behoort te sier. Dit kom egter nie vanself nie. Die Heilige Gees wil ons daarmee sier. Dit is 'n gawe en 'n roeping.

Wat is dit?

Wat word met vriendelikheid bedoel? Dit is nie maklik om die woord wat in die Bybel daarvoor gebruik word, presies te omskryf nie. Die woord word dan ook met verskillende Afrikaanse woorde weergegee, afhanklik van die konteks. Dieselfde woord word vertaal as vriendelikheid, goedertierenheid of goedheid.

Oorspronklik het die woord beteken: om bruikbaar te wees, dat iets of iemand vir sy doel geskik is. Jy wil nuttig, bruikbaar wees. Jy soek opreg die beste vir die ander, sy geluk, sy heil. Daarom stel jy werklik belang in die ander, hou jy rekening met die ander, met sy of haar gevoelens en behoeftes, is jy bedagsaam. So kom die woord naby aan getrouheid, lojaal wees binne die verhoudings waarin God jou plaas, toegewyd wees. Vandaar ook die vertaling: goedertierenheid of goedheid.

God se vriendelikheid

Die Bybel sê baie oor God se vriendelikheid. Die Psalms besing voortdurend daardie deugde van God. Dit het alles te doen met die verbond wat God met sy volk gesluit het. Wanneer God, getrou aan sy verbond en aan sy eie natuur, as Verbondsgod optree, dan betoon Hy homself as goed of vriendelik. Daarom sing Dawid in Psalm 34:9 : "Smaak en sien dat die HERE goed is; welgeluksalig is die man wat by Hom skuil!" Met so 'n God is jy werklik geseënd.

Psalm 106 begin met die woorde: "Halleluja! Loof die HERE, want Hy is goed, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid." Vanweë ons sondes kan ons soms bang vir God wees. Ons sien Hom dan as 'n baie streng en harde God wat steeds met die lat gereed staan om ons vir die sondes te straf. Maar God laat ons juis weet dat Hy goed, vriendelik is en dat sy goedertierenheid tot in ewigheid is. God is nie haatlik teenoor my nie. Hy kyk nie steeds met groot afkeer na my nie. Nee, Hy keer Hom in vriendelikheid na ons toe. "Gods vriend'lik aangesig, straal vrolikheid en lig, deur duisternis en smarte, vir all' opregte harte." Hy stel my gerus. Aan sy goedheid en liefde is daar geen einde nie. Daarom: Loof die HERE, want Hy is goed, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid.

Wanneer ons so oor God se goedheid of vriendelikheid praat, dan beteken dit nie dat God die sondes ignoreer nie. Vriendelikheid word soms gesien as lieflikheid, dat jy net lief en aangenaam is sonder om ooit dinge wat minder aangenaam is, te wil aanspreek. Dit sou die sfeer bederf en dit wil jy nie, dus swyg jy maar oor dinge wat jou nie aanstaan nie of wat verkeerd is. Dit is nie die Bybelse vriendelikheid nie. God begeer ons ware geluk. Daarom swyg Hy nie oor die sonde nie. Dit sou 'n ramp wees. Daarom sing ons met Psalm 25:8 : "Die HERE is goed en reg; daarom sal Hy sondaars leer aangaande die weg." So is Hy die God van my heil.

In Christus

God se vriendelikheid blyk veral in die sending van sy Seun vir ons sondes. Dit bevestig dat vriendelikheid nie beteken dat die sondes geïgnoreer word nie. Juis vanweë God se vriendelikheid spreek Hy die sondes aan in sy Seun. Paulus skryf aan Titus in hoofstuk 3:4,5 : "Maar toe die goedertierenheid (d.w.s. vriendelikheid) van God, ons Verlosser, en sy liefde tot die mens verskyn het ... het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees." Hier word God se vriendelikheid en sy liefde tot die mens saam genoem. Dit is eintlik ongelooflik. God, die groot Koning, die almagtige Skepper van alles en almal, is goedgesind teenoor die mens. En dit terwyl die mens gerebelleer het. Vir hierdie opstandige onderdane verskyn God in sy goedertierenheid en liefde. Watter vors sou ooit so iets teenoor opstandige onderdane doen? Wie soek die geluk van sy vyande?

Al die lofliedere op God se deugde vind hul vervulling in Jesus Christus. In Hom kom soek Hy die verlorenes om hulle te red. Kyk hoe die Here Jesus tydens sy aardse bediening opgetree het. Hy het ware vriendelikheid teenoor die mense gewys, veral teenoor hulle wat verag en verdruk was. Hy het tollenaars en prostitute opgesoek, siekes en gebrokenes van hart. Hy het in hulle belang gestel en hulle geluk gesoek. Sy hart het na hulle uitgegaan. Hy het hul ware nood geken en wou dit aanspreek. Hy het begrip vir hulle getoon, vir hul swakheid en verdriet, vir hul sorge en angste. Daar is geen mens wat vriendelikheid getoon het soos Hy nie.

Beeld van God

Die Heilige Gees leer ons om ook vriendelik te wees. Hy wil jou na Christus se beeld vernuwe. Sodat jy ook belangstelling vir ander sou hê en met hulle rekening sou hou, hul geluk sou soek. Dit is nie iets wat vanself by ons opkom nie. Van nature is 'n mens selfsugtig. 'n Mens is geneig om sy eie gevoelens, verlangens en behoeftes sentraal te stel. As ander mense binne die raamwerk van daardie behoeftes pas, dan sal jy vriendelik wees, maar daarbuite? Ons is geneig om vriendelik te wees teenoor hulle wat aan ons verwant is of teenoor mense wat ons aangenaam vind, bv. ons familie, vriende, en gawe bure. Maar God toon vriendelikheid teenoor die ondankbares en slegtes.

Het jy ooit probeer om vriendelik te wees teenoor iemand wat ondankbaar is? Sonder God se genade en Gees sou jou reaksie op sy ondankbaarheid eerder wees dat jy niks meer met hom te doen wil hê nie. Maar God keer nie sy rug op die ondankbares nie. En Jesus roep ons op om ons hemelse Vader daarin te volg: "Maar julle moet jul vyande liefhê en goed doen en leen sonder om iets terug te verwag ... en julle sal kinders van die Allerhoogste wees; want Hy self is goedertieren (ofte wel vriendelik) oor die ondankbares en slegtes" (Luk 6:35). Stel jy werklik belang in die geluk van ander rondom jou, ook van die onvriendelikes, selfs van jou vyande, en bepaal dit jou houding en gedrag teenoor hulle? En onthou, ons praat hier nie van 'n humanistiese vriendelikheid nie. Dit is 'n vriendelikheid wat die ware geluk van die ander soek, omdat God dit soek. Dit is tipies 'n vrug van die Gees. Die Gees leer jou om die ander te soek. Om oop vir hulle te wees en hulle te wil opbou in woord en daad. Die Gees wil dit in jou bewerk.

Selfsug

'n Groot vyand van die vriendelikheid is selfsug. Vanuit selfsug word 'n mens hard, wreed, ongevoelig. 'n Mens sien die gevolge daarvan in allerlei verhoudings. Waar God nie meer sentraal staan nie, waar jy nie uit die verlossing in Christus leef nie, daar moet mense rondom jou dit ontgeld. Vriendelikheid en liefde verdwyn. Mense word verneder pleks van om opgebeur te word. Mense word misbruik.



So was daar ook die moeites binne die gemeente van Galasië. Die leer van die Judaïste was besig om die mense selfsugtig of selfs hoogmoedig te maak. Mense moes God immers met hul eie werke tevrede stel. Hulle is terugverwys na hulself, pleks van om na die heil in Christus verwys te word. Dan word alles weer mens-gesentreer, pleks van Christus-gesentreer. En 'n verkeerde leer lei tot 'n verkeerde houding en gedrag. Dan kom daar die werke van die vlees, soos hoogmoed, selfsug, vyandskap, twis, toornigheid, tweedrag, partyskap en afguns.

Opdrag

Die Heilige Gees leer ons om vriendelik met ons medemens om te gaan. Dit behoort die toon aan te gee, ook by meningsverskille. Die gevaar by meningsverskille is dat 'n mens dit vermy en daaroor swyg of dat die bespreking van die verskille op 'n vyandige of haatlike toon gevoer word. Nie een van die twee is reg nie. Ons mag en moet selfs oor die verskille met mekaar praat en mekaar daarop aanspreek. Maar dit moet wel op 'n vriendelike en liefdevolle manier plaasvind. Dit moet blyk dat jy werklik 'n warm hart vir die ander het, werklik soek om mekaar op te bou pleks van om mekaar af te breek.

God wil hê dat ons, sy kinders, bekend staan as vriendelike mense, as mense wat welwillend, bedagsaam en hulpvaardig is, as mense wat die geluk van ander soek. God wil dit hê omdat Hy self so is en deur ons sy liefde wil laat uitstraal. Sodat in 'n donker wêreld sy lig mag skyn. As 'n teken van hoop in 'n wêreld wat sy ondergang tegemoet gaan. Maar wie is daartoe in staat? Net die Gees kan dit bewerk en Hy wil dit bewerk. Hy is reeds daarmee besig deur jou die vrug van die Gees voor te hou.

Ds Kees Kleijn *is predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk van Johannesburg.*

KERKNUUS

Kerknuus

Suid-Afrika - *korrespondent : Ds Pieter Boon*

Hierdie keer gee ek slegs ’n paar berigte deur van ons korrespondent in die Pretoria-gemeente, br J Smit:

Die beroepingswerk in Pretoria het ‘n uitsonderlike wending geneem nadat ds JJ Drijfhout onlangs bedank het vir die beroep wat deur die gemeente op hom uitgebring is. Ds Drijfhout het, nadat hy bedank het, die kerkraad weer genader en meegedeel dat die beroep van Pretoria hom nie met rus gelaat het nie. Waarskynlik was die tyd om ‘n beslissing te maak, te kort gewees. Om ‘n beroep te oorweeg wat emigrasie na ‘n ander land inhou, is ‘n ingrypende saak.

Na vele gesprekke het die kerkraad die vrymoedigheid gehad om hierdie inligting aan die gemeente mee te deel met ‘n voorstel om ds Drijfhout weer te beroep. Die gemeente het positief gereageer en weer ‘n beroep uitgebring. Hierdie beroep is vervolgens aan die Klassis voorgelê en is deur hulle goedgekeur. Die beroep is toe op ds Drijfhout uitgebring en hy het dit aanvaar. Dis 'n groot seën vir die gemeente dat ons dus DV volgende jaar weer ons eie predikant mag ontvang.

Kerkraad en gemeente is al geruime tyd besig om diepgaande studie te maak of susters in die gemeente ook mag stem in ampsdraersverkiesings. Tydens ‘n onlangse gemeentevergadering is die saak weer breedvoerig bespreek en besluit dat susters ook mag stem. Alhoewel die besluit geneem is, het die kerkraad dit raadsaam geag om hierdie saak, vir goeie orde, aan die volgende klassis mee te deel. Eers daarna sal die stemreg vir susters in werking gestel word.

Vanuit die diakonale versorging van bejaardes in die gemeente het ‘n dringende behoefte ontstaan om ‘n versorgingshuis op te rig. Na ondersoek is bevind dat die huidige pastorie by die kerk ideaal geskik is vir so ‘n projek. Die gemeente is deeglik bewus daarvan dat hier nog heelwat uitdagings te wagte kan wees. Tog is met dankbaarheid besluit om met hierdie projek voort te gaan. Daar is ook alreeds voldoende fondse beskikbaar vir die nodige aanpassings aan die gebou. Bouwerk sal so gou moontlik begin. Die gemeente Maranata neem ook aan hierdie projek deel.

Verder kan ons met dankbaarheid vermeld dat ds Breytenbach die beroep wat die gemeente van Bethal op hom uitgebring het, aanvaar het. Hiermee is altwee vakatures in ons kerkverband gevul. God versorg sy gemeentes.

Die HEERLIKHEID van die EVANGELIE

Venster op die Bybel

Uitgangspunt

Dit is moeilik om oor die rykdom van die Skrif, die Woord van God, dus oor die Bybel, te skrywe. Nie deur die gebrek aan stof nie, maar juis deur die oorvloed daarvan. Vir hierdie artikel word as uitgangspunt geneem vraag en antwoord 19 van die Heidelbergse Kategismus. Die bedoeling is dan nie om baie nuwe dinge te vertel nie, maar juis om ou waarhede wat dreig om vergete te raak, weer onder die aandag te bring.

Die Kategismus het eers, nadat gesê is dat ons die eiendom van die Here Jesus Christus is, melding gemaak van die val in sonde, waardeur die rykdom waarvan die eerste Sondagsafdeling vol was, eintlik verlore gegaan het. Tensy daar ‘n (be)Middelaar sou kom wat die verbroke verbondsverhouding tussen God en die mens sou herstel en dit selfs verder voer. Kan so ‘n Middelaar wel gevind word? Ja, so sê antwoord 18, daardie Middelaar is onse Here Jesus

Christus, wat God vir ons tot wysheid, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing gegee het.
Nadat dit vermeld is, dus op 'n baie belangrike plek, word dan die vraag gestel wat as uitgangspunt vir hierdie artikel geneem is.

Vraag 19 lui dan:
Waaruit weet jy dit?
met as antwoord:
Uit die heilige evangelie wat God self aanvanklik in die paradys bekend gemaak het. Daarna het Hy dit deur die heilige aartsvaders en profete laat verkondig en deur die offers en ander seremonies van die wet laat uitbeeld. Eindelik het Hy dit deur sy eniggebore Seun vervul…

Die verbond met Adam
Hierbo is reeds gepraat oor die verbondsverhouding wat daar was tussen God en mens. Baie mense glo dit nie meer sommerso nie. Die woord *verbond* word immers glad nie genoem nie.
In Genesis 1:28 staan egter dat God die mens ná sy skepping geseën het en meteens daarby 'n bevel gegee het, nl. om vrugbaar te wees, om te vermenigvuldig en om die aarde te bewaak en te bewerk. God seën as die Meerdere (Hebr. 7: 7). Hy kon beveel, maar Hy wou ook daarin die Vader wees. Omdat daar 'n verhouding van Skepper en skepsel was, moes Adam, daardie menslike persoon, aan Hom gehoorsaam wees. Hy was afhanklik van sy Skepper. Hy moes dus ook reeds van genade lewe, al was dit nog geen skuldvergewende genade nie. Hierdie verhouding kan ons *verbondsverhouding* noem. In Genesis 2 word God dan ook aangedui as HERE, die Verbondsgod. Boonop word Israel in Hosea 6:7 daarvan verwyt dat hy die verbond verbreek het, soos Adam. Wat moeilik kan verwys na die plek Adam by die Jordaanrivier (Jos 3:16).
As ons dit alles vashou, word die eerste hoofstukke van Genesis nie 'n soort vergete inleiding of, nog erger, 'n verleentheid nie, maar vorm dit juis 'n onontbeerlike onderdeel of selfs die grondslag van die hele heilsgeskiedenis.

Die evangelie deurloop 'n geskiedenis
Nou kan 'n mens ook beter verstaan hoe die Kategismus in genoemde vraag en antwoord kan begin met 'n verwysing na Genesis 3:15. In daardie teks word mos gepraat oor vyandskap wat sal kom. Die oorlog word afgekondig. Ja, die oorlog word *gestel*. Dit kom nie sommerso nie, maar dit is so deur God self verordineer.
Die woord 'evangelie' kan weergegee word as *blye boodskap,* maar dit kan ook verstaan word as *onderrig*. Die Here Jesus self het gekom om die mense te onderrig aangaande die Vader (Joh 1:18).
Maar in albei betekenisse: hoe kan vyandskap en oorlog 'n aankondiging van genade wees?
Dit kan ons alleen begryp as ons eers kennis geneem het van die verbondsverhouding wat daar tussen God en mens was. Want juis omdat die mens geluister het na die vyand van God wat deur middel van die slang gepraat het, het hy die verbond verbreek. Om weer in genade aangeneem te word, moes hy weer aan God se kant kom. In die eerste plek sou daar dus vrede tussen God en mens moes kom, maar dit sou gaan via die pad van die vyandskap teenoor dit wat van die HERE weglei.
Dit was God self wat die mens weer in die regte houding wou bring. Hierdie stryd tussen die vrou en die slang sou die geskiedenis beheers. Want die vyandskap word nie net gestel tussen die slang as verteenwoordiger van die duiwel en die vrou wat eerste verlei is nie, maar ook tussen die *saad* van altwee. Dit slaan nie soseer op lyflike nakomelinge nie, maar op diegene wat hulle agter die partye skaar. Dit gaan dan oor twee volke – die volk van God en die volk wat ten diepste aan die satan behoort. En juis die *liefde* van God stel die *vyandskap* daar.
Die beeld of raaiselspreuk uit Genesis 3 kom later in die Skrif terug. Dit word in Openbaring 12 voluit gesiteer. "Die ou slang" staan daar in kennelike verwysing na die slang wat in die tuin van Eden sy rol gespeel het.

Aartsvaders en profete
Die begin van die herstel van die verhouding tussen God en mens was so reeds in die paradys gelê. God die HERE het die herstelwerk die geskiedenis deur ter hand geneem. 'n Mens kan op 'n manier sê die heil *gebeur*, mits dit nie as teenstelling met die Woord van God geneem word nie. Ons bely mos dat God die evangelie deur die heilige aartsvaders laat *verkondig* het. Maar verkondiging is nie 'n statiese gebeurtenis nie.
Dit vind plaas in die gemeenskap wat deur God in die lewe geroep is – ons noem dit deesdae *die kerk.*
Reeds in Genesis 4:26 lees ons oor die begin daarvan. En telkens is mense geroep en bekwaam gemaak vir die taak van verkondiging.
Abraham byvoorbeeld het, nadat hy die belofte van die HERE ontvang het, dit ongetwyfeld aan sy kinders en ander huisgenote deurgegee. Die Kategismus verwys hierby ook na Genesis 22 waar vertel word oor die offer van Isak. In Isak se plek het God egter self 'n ander offer voorsien en ons mag weet: 'n Ander wat in die plek van Isak en al die gelowiges gekom het. 'n Duidelike bewys van die heilige evangelie.
Moses, om 'n ander voorbeeld te noem, het 'n geweldige groot taak gekry juis in die onderrigting

van die verbondsvolk. En onderrigting is evangelie-verkondiging.
Namate die volk afgedwaal het, het God self gesorg vir meerdere onderwys. Naas die priesters tree steeds meer die profete aan. 'n Groot deel van die Ou Testament word juis deur die verkondiging van die profete ingeneem.
In die Nuwe Testament word o.a. in Romeine 1:1-4 en Hebreërs 1:1 nadruklik op die werk van die profete gewys. Deur hulle is die heil gepredik en voorberei.

Offers en ander seremonies van die wet
Die evangelie is nie net verkondig nie, dit is ook uitgebeeld. Elke dag is in die tabernakel en tempel geoffer. Daar was reinigingsvoorskrifte en wassinge. Alles sake wat heengewys het na dit wat in latere tyd in volheid sou geskied..
Die Nederlandse Geloofsbelydenis praat hieroor in artikel 25. Dit sê die seremonies en heenwysings het met die koms van Christus wel opgehou, *maar die waarheid en inhoud daarvan bly nogtans vir ons in Christus bestaan.* Dit kan ook die evangelie bevestig en help om ons lewe in alle eerbaarheid tot eer van God en volgens sy wil in te rig.
Dit handel hier dus veral oor wat ons die seremoniële wette noem. En daarvan word bely hulle is *evangeliese* wette. Omdat vergeet is dat dit evangeliese wette was en geen voorskrifte om daardeur die redding te bewerkstellig nie, buite die Christus om, het die stryd met die Judaïste ontstaan. Die inhoud daarvan is sodanig dat dit van die mens self afwys en die gedagtes rig op die offer van die Christus wat sou kom.
Belangrik is in hierdie verband dit wat staan in Johannes 1:17 : "Die wet is deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom". Hiermee word nie 'n teenstelling tussen die Ou en Nuwe Testament geleer nie. Nee, die wet het "model gestaan" vir die werk van Christus. Wat eers net in afbeelding daar was, kom nou tot realisering. Daarom kan dit ook nou nog dien as voorbeelde om die evangelie te bevestig. Om 'n teenstelling te leer, beteken om afbreuk te doen aan 'n groot deel van die Bybel.

Deur die eniggebore Seun vervul
Ten slotte die eintlike en belangrikste punt. Die Seun van God daal af na die aarde. Hy neem die menslike vlees en bloed aan en ondergaan in ons plek die toorn van God en vervul die wet van sy Vader. Dit beteken: Hy bring dit tot 'n hoogtepunt.
Dit is belangrik om daarop te let dat Christus ingegaan het in die wêreld, en vlees geword het. Dit wil sê: Hy het ook die swakheid van ons op Hom geneem. Op hierdie manier kon Hy die verhouding met die Vader in beginsel herstel. Regtens kan ons nou tot God gaan en pleit op die werk wat Christus in ons plek volbring het. Die volkome verlossing, die volle gemeenskap met die HERE sal ons eers op die nuwe aarde ervaar.
Jy kan die Nuwe Testament maar lees en kyk hoe in die Christus die dinge wat in die Ou Testament verkondig en afgebeeld is, ook tot vervulling gekom het. Veral die brief aan die Hebreërs wys uitvoerig daarop.
Ook op ander plekke, soos in die evangelie volgens Johannes. "Niemand kom tot die Vader as deur My nie" (Joh 14: 6). Christus het gekom om die Vader te verklaar, te eksegetiseer (Joh 1:18).
Dink aan die wonders wat Hy gedoen het waardeur die paradystoestand weer voor oë gestel is. En, so sê Filippense 2:9, God het Jesus uitermate verhoog, omdat Hy trou was in al sy werk. En met die Christus, as ons Hom in geloof aanvaar, sal ook ons verheerlik word. Let ook op II Korinthiërs 5 waar die bediening van die versoening (die prediking) juis verbind word met die Christus wat in ons plek tot sonde gemaak is.

Eensydig?
As ons so die hele Skrif in sy eenheid sien, ondanks sy baie dele, kan ons nie anders nie as om die grootheid en genade daarvan te sien en te omhels. Dit het gegaan van minder na meer. Van minder lig na meerdere lig. Wel 'n voortgang, maar geen teenstelling nie.
Gaan dit in die Bybel dan net om die werk van Christus? Daar is tog baie ander dinge, soos (veral) die eer van God waartoe ons geroep is? Of ook ons eie nood en behoeftes, vreugde of ook verdriet, waaroor met name in die Psalms gepraat word? Behalwe die Christus as die Seun is daar tog ook die Vader en die Heilige Gees binne die Goddelike Drie-eenheid?
Dit alles is waar. Hierdie artikel is baie onvolledig. Maar daar is in die begin van hierdie verhaal gewys op die belangrike plek wat vraag en antwoord 19 binne die Kategismus het. Dit gaan vooraf aan die behandeling van die geloof, van die Persoon en werk van sowel God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees. Vir wie dit so wil hê: dit is soos 'n vooroordeel waarvoor ons nie bang moet wees nie.
En daarby: Op hierdie manier kry ons sig op die eenheid van die Skrifte en op die "goud-draad" wat deur die geheel gesien kan word. Want alles hang saam met alles. Deur die post-modernistiese tydgees kan jy die sig daarop baie gou verloor.

Klaas Bijzet *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk van Kaapstad.*

VROULIKE ouderlinge?

Leer & Lewe

In sy boek ***The Elder*** bespreek dr Cornelis van Dam die vraag of die bevestiging van vroulike ouderlinge, soos dit deesdae in verskillende kerklike groeperings gebeur, Bybels verantwoord is.



Die hedendaagse gelykheidskultuur het 'n probleem daarmee dat vroue geen ouderlinge mag wees nie. Nou kan 'n mens die vraag stel: is die uitsluiting van vroue uit die amp – soos dit klaarblyklik in die Bybel gebeur – net 'n uiting van die destydse kultuur, wat daarom nie noodwendig vandag 'n norm hoef te bly nie? Word die gawes van vroue nie as gevolg daarvan in die kerk onderwaardeer nie?

Belangrik is om te kyk wat die Skrif self meedeel. Die Skrif maak byvoorbeeld duidelik dat die rituele wette insake die tempeldiens iets van die verlede is (Kol 2:16-17; Hebr 9:1-10:18). Daarenteen bly die tien gebooie en die onderliggende bevel om God en jou naaste lief te hê, steeds van krag. Dit geld ook vir die skeppingsinstellings, soos byvoorbeeld die huwelik. Dit is opvallend dat die apostel Paulus ten aansien van die amp van ouderling terugverwys na die *skeppingsinstelling* wanneer hy oor die posisie van vroue in die kerk skryf.

Ons sal kortliks na enkele gedeeltes uit die Nuwe Testament kyk in hierdie verband:

1 Timotheüs 2:12-13 : *Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie, maar sy moet haar stil hou. Want Adam is eerste gemaak, daarna Eva.*
Sommiges beweer dat hierdie spesifiek vir die gemeente in Efese gegeld het, waar daar moontlik 'n aantal vroue was wat baie oningelig was. Dit was dan nie Paulus se bedoeling om vroue permanent die swye op te lê nie, maar om hulle te laat onderrig, sodat hulle ook later self onderrig kon gee. Ook word beweer dat die feit dat Paulus dit so uitdruklik moes stel, 'n aanduiding is dat Timotheüs onbewus daarvan was dat vroue nie oudstes mog word nie. Hierdie argumentering is nie oortuigend nie, aangesien daar geen aanduidings is dat daar in Efese 'n klomp oningeligte vrouens (meer as die mans) was, wat as gevolg daarvan valse leer versprei het nie. Die bevel om haar stil te hou is nie gebaseer op 'n gebrek aan kennis nie. Die apostel baseer sy verbod op die feit dat Adam eerste geskape is en toe Eva. Dit geld as 'n universele reël, wat direk gebaseer is op die skepping. Dieselfde kan ook oor **1 Korinthiërs 14:33b-35** gesê word. Hoe moet ons hierdie tekste dan wel verstaan? Per slot van rekening lees ons in die Bybel dat daar ook van vroue verwag word om in die kerk te bid, te profeteer en te sing, ens. (1 Kor 11:5 & 14:26). Aan die ander kant is hierdie swyggebod ook belangrik, aangesien dit meer as een keer herhaal word. Hierdie gebod maak slegs sin binne die raamwerk van die skeppingsorde waarna Paulus verwys, dat die man die hoof van die vrou en die gesin is. Ook in die kerk moet dit in ag geneem word.

1 Korinthiërs 11:3-16 : In hierdie gedeelte maak Paulus duidelik dat 'n vrou verplig is om 'n hoofbedekking te dra. Ook hier verwys die apostel terug na die skepping. Nou kom die vraag op hoekom ons minder ernstig is oor hierdie bevel, terwyl Paulus dit ook op die skepping baseer. Hoekom maak ons nie deesdae 'n punt daarvan dat 'n vrou 'n hoed / kopdoek moet dra om haar hare te bedek nie, terwyl ons wel sterk daaroor voel dat 'n vrou nie 'n oudste kan word nie? Dr Van Dam verduidelik dat dit in hierdie gedeelte nie oor die hoofbedekking as sulks gaan nie, maar oor die agterliggende saak.
Die gebruik van hoofbedekkings was in dié tyd 'n uitwerking van die beginsel dat God mans en vroue verskillend geskape het.

Paulus beroep hom nie op die skeppingsorde om kopdoeke vir orals en altyd verpligtend te stel nie. Mense van alle tye moet wel eerbied daarvoor hê dat God man en vrou verskillend geskape het – elkeen skitterend in sy aard – en dat God aan elkeen 'n eie rol toegeken het. Die universele waarheid van geslagtelikheid en elkeen se onderskeie rol moet gehandhaaf word. Die manier waarop elke kultuur dit doen, kan verskil.

Die deelname van vroue in die kerk

Een van die redes hoekom sommiges deesdae die amp van ouderling ook vir vroue wil oopstel, is dat, volgens hulle, vroue in die Nuwe Testament in elk geval betrokke was by amptelike bedienings. Die Skrif leer dat sowel vroue as manne deel in die gawes van die Gees en geroep is om 'n lewenskragtige bydrae te maak tot die opbou van die kerk. Die Gees het ook aan vroue die gawe gegee van profesie (Hand 2:17-18 & 21:9 & 1 Kor 11:5), asook gebed (1 Kor 11:5), sowel as onderrig (Hand 18:26). Hierdie gawes van vroue moet benut word tot voordeel van God se gemeente. *Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God.* (1 Petr 4:10 & 1 Kor 12:5)

Nou is dit belangrik om te besef dat die besit van gawes nog nie iets sê oor die wettigheid om vroue in die ouderlingamp te bevestig nie. 'n Mens hoef nie eers 'n ouderling te wees om hierdie gawes te gebruik nie. So roep die apostel Paulus ouer vroue byvoorbeeld op om *jong vroue te leer om versigtig te wees, hulle mans en kinders lief te hê, ingetoë te wees, kuis, huislik, goed, aan hul eie mans onderdanig, sodat die woord van God nie belaster word nie.* (Titus 2:4,5) Hierdie teks bevestig die feit dat aan vroue ook die gawe van onderrig gegee is, maar dit is daarmee nog nie 'n bewysteks vir vroulike ouderlinge nie. 'n Basiese beginsel hoe die Skrif uitgelê moet word, is dat die minder duidelike gedeeltes verstaan moet word in die lig van die meer duidelike gedeeltes. Ons lees byvoorbeeld dat Priscilla en Aquila vir Apollos onderrig het (Hand 18:26). Dit het by hulle tuis plaasgevind. Om vanuit hierdie voorbeeld te redeneer dat Priscilla daarom sou kwalifiseer om 'n oudste te word, is om meer in die teks in te lees as wat daar staan. 'n Kort opmerking oor Priscilla en Aquila kan nie as regverdiging dien om te beweer dat 'n vrou in die amp van oudste kan dien nie, terwyl uitdruklik op ander plekke in die Skrif die omgekeerde staan, en dan ook nog gebaseer op die skeppingsorde wat God vasgelê het.

Ook as Priscilla, Euodia en Syntiche in **Romeine 16:3** en **Filippense 4:2-3** *medewerkers in die Evangelie* genoem word, is hierdie aanduiding te algemeen om daaruit af te lei dat daar toe vroulike oudstes was, soos sommiges deesdae beweer. Daar was baie maniere waarop hierdie vroue medewerkers in die Evangelie was en kon wees, sonder dat hulle per definisie eers in 'n amp bevestig moes gewees het. Ook hier moet ons ons laat lei deur die meer duidelike gedeeltes in die Skrif om die minder duidelike of meer kriptiese gedeeltes te verstaan.

Ook **Romeine 16:7** word soms aangevoer asof dit sou dui op vroulike oudstes, omdat dit skynbaar sou verwys na 'n vroulike apostel. As 'n vrou 'n apostel kan wees, hoekom dan nie ook 'n oudste nie... is die redenering dan. Hierdie vers lees: *Groet Andronicus en Junias, my stamgenote en my medegevangenes, wat in aansien is onder die apostels en reeds voor my in Christus gewees het.* Andronicus is duidelik 'n naam van 'n man, maar by Junias is dit nie so duidelik nie. Hierdie naam is destyds gebruik as sowel 'n mans- as 'n vrouenaam. Waarskynlik gaan dit hier oor die Griekse vorm van die Hebreeuse naam Jehunni, wat wel 'n mansnaam is. Verder is die implikasie van hierdie teks eerder dat bedoel word dat hierdie twee persone hoë aansien geniet het by die apostels, terwyl hulle nie self apostels was nie. Ook kan 'n mens in gedagte hou dat Paulus soms die term *apostel* in 'n algemene sin gebruik – as *boodskapper* of *afgevaardigde* (sien bv. 2 Kor 8:23 & Fil 2:25). Alle gegewens pleit dus teen die stelling dat daar vroulike apostels sou wees.

Daar is nog 'n teks wat dikwels uit die kas gehaal word deur hulle wat vroulike ouderlinge propageer, naamlik **Galasiërs 3:28**: *Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus.* Hierdie teks kan beslis nie gebruik word om vroulike ouderlinge te propageer nie. Hierdie teks onderstreep die eenheid van alle gelowiges in Christus, maar dit beteken nie dat almal dieselfde funksie en plek in die gemeente het nie. Die apostel is in hierdie hoofstuk nie besig om die onderskeid wat daar tussen manne en vroue bestaan, af te skaf of te ignoreer nie. Die saak wat aan die orde is, is dat almal volledig deel in die redding in Christus.

Ons moet nie vergeet dat Christus self die skeppingsorde van die manlike hoofskap eerbiedig het toe Hy 12 manlike dissipels

geroep het (Matt 10:2-4), bestem om later die apostoliese amp te beklee waarop die Nuwe Testamentiese kerk gegrondves is (Ef 2:20 & Openb 21:14).

Manlike gesag in die kerk is in lyn met die manlike hoofskap van elke gesin. Dit is ook in lyn met die feit dat die Christelike huwelik 'n afspieëling is van die verhouding tussen Christus en sy gemeente (Ef 5:22-25). En dit is alles in lyn met die skeppingsorde wat God ingestel het. Die Christelike pa wat sy eie huisgesin goed kan beheer, het daarmee die regte kwalifikasie om ook as ouderling die kerk te lei (1 Tim 3:4-5).

Voorstanders van die vrou in die amp skep dikwels eers 'n vals dilemma, in die sin dat vroue andersins nie die geleentheid het om hulle talente te ontplooi tot opbou van die liggaam van Christus nie. Ons het reeds gesien dat die Heilige Gees vroue ook oorlaai met gawes tot die opbou van sy kerk. Hierdie gawes kan 'n vrou gebruik sonder om eers te wag totdat sy in die amp bevestig is. In God se soewereine wysheid het Hy aan sowel man as vrou spesifieke rolle in die kerk gegee. Hierdie rolle komplementeer mekaar sonder om kompeterend te wees.

Die Bybel leer en vereis 'n manlike ouderlingskap. Dikwels is daarop gewys dat die druk wat uitgeoefen word om ook vroue as ouderlinge te bevestig, meer te make het met sekulêre, pragmatiese en sosiale faktore, as om respek te hê vir die outoriteit van die Bybel. Die teoloog KK Lim het in sy boek *Het spoor van de vrouw in het ambt1* aangetoon hoe drie groot kerklike groeperings in Nederland wat in die 20ste eeu die vrou in die amp toegelaat het, by hulle beslissing Bybelse gegewens oor die onderwerp slegs 'n marginale rol laat speel het. **Maar as die Skrif veronderstel is om die laaste woord te hê,** dan bestaan daar geen enkele regverdiging om vroue as ouderlinge te bevestig nie.

Opvallend in dr Van Dam se boek *The Elder* is die oorweldigende hoeveelheid Bybeltekste wat hy bespreek. Dit is wat die boek waardevol maak, ook oor kerkgrense heen. Om hierdie rede sal die boek waarskynlik nie gou uit die mode raak nie.

N.a.v. die boek ***The Elder. Today's Ministry Rooted in All of Scripture*** (2009) deur Cornelis van Dam. Die boek is verkrygbaar by Folmer Boekhandel.

Ds Pieter Boon *is sendeling in Soshanguve.*

---

1 Kampen, 2001

STOF JOU DOOP AF!

Leer & Lewe



Werk jou doop in jou lewe? Dínk jy ooit aan jou doop? Of lê jou doop iewers in die pakkamer van jou geheue onder die stof? Weet jy op watter skat jy sou afkom as jy 'n keer dié pakkamer sou regpak, jou doop sou afstof en uitdra in die son om dit weer in gebruik te stel?

Dis min dat 'n boek in jou hand só met jou praat.

Onwillekeurig gaan jou eie doopsbelewing deur jou gedagtes. Jou geloof in die kinderdoop en die mooi verbondsgedagte daaragter. Maar ook jou twyfel tydens gesprekke met lidmate van die charismatiese kerke, en jou onvermoë om helder en duidelik die grond vir die kinderdoop vanuit die Bybel aan te toon.

Ook dink jy terug aan gesprekke met jong lidmate wat ná belydenisaflegging en skoolverlating in die 'wêreld' beland en dan met die kinderdoop gekonfronteer word. Die verbond? vra hulle dan, watter verbond? Daardie Ou Testamentiese verdrag met Israel? Maar dit gaan tog nie meer

daaroor nie? Dit gaan tog oor geloof in die Here Jesus?

Gaan soek jy dan sulke tye hulp in 'n boek, dan beland jy by ingewikkelde uiteensettings van die verbond.
Selfs jou pa of jou ouderling begin vasval as jy begin aandring op 'n duidelike aanwysing uit die Bybel. En dan loop jy 'n boek raak wat die doop wil afstof! En nie net afstof nie, maar ook 'n saak uitmaak vir die kinderdoop!

Ek het die boekie van Adrio König met groot verwagting gelees. Sou hierdie boek, deur vooraanstaande teoloë aangeprys, *die gewone lesers help om hul doop beter te verstaan en om uit hul doop te leef ?* Die boek belowe baie sterk en duidelike standpunte, asook 'n paar nuwe insigte, verwerf deur jarelange studie. Dit wil die leser vertel van 'n ongelooflike rykdom wat ons in die Bybel oor die doop kry. Sou óns dan nie in daardie rykdom wil deel nie?

Gedurende 1995 het daar nog 'n boek verskyn oor die Bybelse rykdom van die doop: 'n boek deur 'n voormalige baptis wie se lank gehuldigde mening oor die grootdoop stelselmatig afgebreek is deur die getuienis van die Bybel. Dié boek deur Robert Booth het die pragtige titel gekry: *Children of the Promise*. Ook hierdie boek is vir die gewone gelowige geskryf in helder en duidelike taal, met 'n kort bekendstelling deur Jay Adams.

Bogenoemde boeke is vir ons genoeg rede om weer 'n slag te besin oor die kinderdoop waaroor in ons eie kerke al so baie stryd gevoer is, maar waaroor daar tog dikwels nog so baie moeite bestaan as dit kom by die verantwoording daarvan teenoor ander.

Ek wil na aanleiding van hierdie boeke probeer om 'n beskeie bydrae te maak oor ons verstaan van die doop. Dit is nie die bedoeling om noodwendig volledig te wees nie, maar eerder om die Bybelse agtergrond vir die kinderdoop so duidelik as moontlik te probeer toelig.



Daar is geen teks nie
König vertel van 'n pamflet wat 'n keer versprei is met die titel: *Wat die Bybel oor die kinderdoop sê.* Binne-in die pamflet het daar egter niks gestaan nie. Die bladsye was almal skoon! Dit was 'n baie oorspronklike manier van die opstellers om hulle oortuiging uit te spreek dat die Bybel *niks* oor die kinderdoop sê nie.

Tereg wys König daarop dat die opstellers nóg so 'n pamflet kan uitgee, hierdie keer met die titel: *Wat die Bybel oor die doop van gemeentekinders sê* – en dan weer al die bladsye skoon kan laat. Die Bybel sê eenvoudig niks oor die doop van kinders van gelowiges nie – nie dat hulle as **babatjies** gedoop moet word nie, maar ook nie dat hulle eers as **volwassenes** gedoop behoort te word nie.

Ons moeite met die kinderdoop het sy oorsprong nou juis by hierdie kwessie. Ons kry dikwels 'n soort minderwaardigheidskompleks as ons teenoor anders-denkendes 'n uitvoerige verbondsleer moet verdedig, terwyl hulle eenvoudig sê: die Bybel leer dat jy gedoop word as jy tot bekering kom. En dan gaan lees jy die boek Handelinge om tot die gevolgtrekking te kom: hulle is reg!

Natuurlik is hulle reg! Ons glo dit dan ook! As 'n ongelowige of 'n ongedoopte lid word van die kerk, word hy gedoop. Hieroor is die Bybel dan ook baie duidelik. Kyk maar na Handelinge 2:38 – *En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word...*
Lees ook gerus die geskiedenisse van die hofdienaar van Ethiópië (Hand 8) en die hoofman Cornelius (Hand 10). Beide was heidene, wat tot geloof gekom het en gedoop is.
Dieselfde geld vir die Jode wat gedoop is. Ja, hulle was wel deel van die verbondsvolk van die Here – hulle was besny en het ongetwyfeld in God geglo. Maar, hulle het die Christus verwerp! Daarom mag ons nie sê dat hulle tipiese kerkmense was wat op latere leeftyd tot bekering gekom het en gedoop is, en dat ons daarom met ons kinders ook so moet handel nie.
Let op wat sê Petrus vir die Joodse manne: *hierdie Jesus wat julle gekruisig het* (Hand 2:36). Hulle was dus wel kinders van die verbond, maar hulle het die evangelie van die kruis op Golgota *verwerp*. Hulle was 'n *verkeerde geslag* (vs 36) en wat die evangelie betref, dus ongelowig. Vandaar Petrus se oproep dat hulle hul bekeer en gedoop word.

Maar al hierdie tekste sê *niks* oor die doop van hulle wat in die kerk gebore word, en opgroei met die beloftes van God en die kennis van die Here Jesus nie. Ons kinders is immers nie heidene of ongelowiges totdat hulle mondig geword het nie?

Lidmate van Pinkster- en Baptistekerke sal dit ontken, maar ook hulle het nie 'n voorskrif in die Bybel vir die grootdoop van gemeentekinders nie. Hulle lei dit ten onregte af van die doop van ongelowiges wat hulle bekeer.

Die vraag is dus nie: *wie het 'n teks nie,* maar *wie kan die oortuigendste afleiding uit die res van die evangelie maak.*
Dit het ons (én die Pinkster- en Baptistekerke!) ook gedoen wat betref die viering van die Sondag, waarvoor die Bybel ook geen direkte voorskrif gee nie. Ons lei dit af uit sekere gebeurtenisse en ander sake uit die Bybel. Net so ook die feit dat vroue nagmaal mag gebruik.



Ons kan onsself afvra hoekom die Nuwe Testament dan oor so 'n belangrike saak so vaag bly. Het ons maar net een enkele, duidelike teks gehad, dan sou ons moontlik baie kerkstryd en kerklike verdeeldheid gespaar kon gebly het.

König voer enkele redes aan wat in ag geneem behoort te word en wat ons self nog kan aanvul. In die eerste plek dek die Nuwe Testament 'n *oorgangstyd*. Selfs ná Christus se opstanding gaan Joodse gelowiges nog 'n tyd lank tempel toe, laat sommige van hulle nog hul kinders besny, en hou sommige Joods-Christelike gemeentes nog 'n paar eeue lank die sabbat naas die Sondag. Die doop self word deur hierdie oorgangstydperk geraak. Daar is byvoorbeeld die vraag na die verhouding tussen die doop van Johannes die Doper en die Christelike doop. Die dissipels van Johannes word volgens Handelinge 19 'n tweede keer gedoop. Volgens vers 5 is hulle oorgedoop *in die naam van die Here Jesus*. Of hier bedoel word *in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees* is nie bekend nie. Daar was dus wel vrae oor die doop, maar nie oor die *kinderdoop* nie. Ons lees nêrens van vrae of stryd daaroor nie – die kinders is gewoon gedoop volgens die voorbeeld van die apostels.

Ook moet ons in gedagte hou dat die apostoliese briewe meestal hul aanleiding gevind het in bepaalde omstandighede: bv. vrae (Korinthiërs), konkrete sondes (Jakobus), verdrukking (Petrus) of dwaalleer (Judas). Hierdie sake het die gemeentes dikwels in beroering gehad of besig gehou. Dink maar aan die eet van offervleis, die posisie van Israel, die wederkoms, valse apostels, ens. Hoewel dus ten volle *Woord van God*, is die apostoliese briewe tegelyk ook geskryf vir gelowiges in *bepaalde omstandighede*.
Hierdie omstandighede verander egter so vinnig soos die wêreld verander. Terwyl die eerste gemeentes gewoon gedoop het en daar in die vroeë kerkgeskiedenis amper 'n stilswye oor die doop bestaan, moes Augustinus (354-430) as een van die eerstes die kinderdoop verdedig teen Pelagius. Pelagius se verset het gespruit uit sy ontkenning van die erfsonde. Ook weet ons van besware teen die kinderdoop by die Katare (12e eeu) en die Waldense (14e eeu).

Die felste bestryders van die kinderdoop was die Wederdopers en doopgesindes uit die sestiende eeu. Calvyn skryf in sy Institusie dat daar deur sommige 'kranksinnige geeste' ernstige beroeringe in die kerk verwek word oor die kinderdoop. Die huidige stryd oor die doop het begin met die opkoms van die Pentakostalisme aan die begin van hierdie eeu, en is verskerp deur die optrede van Karl Barth sedert 1943.
Die stryd oor die doop kom in verskillende vorms na vore, naamlik: as onsekerheid, as twyfel, as verwarring, as verleentheid, as skuldgevoel aan die een kant en aan die ander kant as selfversekerheid, as gearriveerdheid in die geloof, of as menslike besit. En wat die meeste bedroef is die felheid en haat waarmee hierdie stryd gevoer is.
Uit hierdie emosies rondom die doop word een ding duidelik: dit gaan nie oor bysake nie. In die doop het ons met die hart van die evangelie te make. Asof met duisend drade is dit verweef met elke aspek van die evangelie. As die doop in die gedrang kom, kom alles in die kerk en haar leer in die gedrang. Nogmaals: genoeg rede om weer 'n slag oor ons doop te besin!

Addy van der Lugt *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk van Kaapstad.*

Die NATUUR EN GELDSUG

Natuur

Die mens is as heerser oor die skepping aangestel. Die gevolge van die sonde laat die mens egter in die eerste plek aan sy eie belange dink, met in baie gevalle katastrofale gevolge vir mens en dier. Aan die hand van 'n paar voorbeelde kyk ons hierna.

Olielek in Golf van Mexiko

Vir meer as 100 dae het miljoene en miljoene liters olie die see ingestroom. Elke dag is daar iets in die nuus oor die groot ramp wat BP getref het met die ontploffing op die olieplatform in die Golf van Mexiko naby New Orleans. Honderde spanne is besig om die besoedeling van strande te probeer keer en skoon te maak waar dit reeds te laat was. Vliegtuie spuit chemikalieë om die olie op te los. Dan sak dit af na die seebodem. Watter skade dit daar kan aanrig, is



Op hierdie kaart kan gesien word hoeveel olieplatforms daar in die Golf van Mexiko is

onseker. Olie word gebrand op die see-oppervlak. Die giftige rook versprei oor honderde kilometers. Dit kos BP miljarde dollars en die aandele van BP het met meer as 20% geval. En dit is nog nie die einde nie. Regstappe teen BP en sy bestuur is aan die gang en gaan nog baie nagevolge hê.

'n Oliebesoedelde voël

Maar wat van die gevolge vir die omgewing? Eintlik weet niemand nog wat die gevolge oor die langer termyn gaan wees nie. Volgens sommige natuurorganisasies is dit die grootste ramp van sy soort in menseheugenis.

Die hele Golf van Mexiko kan vir baie jare 'n steriele seegebied bly. Dit terwyl daar verskeie natuurbewaringsgebiede in die nabye omgewing is waar skaars voëlpesies voorkom. Ook is die Golf die broeiplek van die bedreigde blouvintunavis en walvisspesies. Maar waaroor gaan dit eintlik alles? **Dit gaan oor geld!** Sekere dinge het reeds na die ramp duidelik geword. Die ramp kon voorkom gewees het as dit nie was dat geld gespaar moes word nie. Agteraf is die koste van die ramp baie meer as wat dit sou gekos het om so iets te voorkom. Die geskiedenis van ander rampe bewys telkens weer dat die mens nie wil leer nie.

Renosters

Kom ons kyk nou wat gebeur hier in ons eie land. Elke week is daar berigte van renosters wat geskiet is vir hulle neushorings. Gedurende 2009 is 122 renosters geskiet. Hierdie jaar is daar reeds 173 geskiet. (Wanneer u dit lees, is dit waarskynlik reeds heelwat hoër.) Dit is dus meer as 'n verdubbeling teenoor verlede jaar. Die waarde van renosterhoring is ongeveer R50 000 per kg. Dit maak dit so aantreklik om vinnig geld te maak dat mense bereid is om tot uiterstes te gaan. Helikopters, verdowingspyle, masjiengewere, verkykers met nagvisie (ter waarde van R250 000), ens. is die gereedskap van hierdie mense.

Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe.

Ons en die natuur sug

So kan die voorbeelde vermenigvuldig word. 'n Mens kan bv. ook nog noem die habitat-vernietiging. Dit gebeur deur ontwikkeling, myne, woude wat uitgekap word, die handel in bedreigde plant-, dier- en voëlspesies, ens. Die mens wat die opdrag gekry het om die natuur tot eer van God te bestuur en te te ontgin, pas nou roofbou toe. Dit is skokkend om te verneem dat jaarliks 'n groot verskeidenheid spesies

van die aardbodem verdwyn. Uitgesterf, dit kan nie weer terugkom nie. So ervaar ons as kinders van die Here die harde werklikheid van die sonde wat in die wêreld gekom het.

"Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe – nie gewillig nie, maar ter wille van Hom wat dit onderwerp het – in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God. Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe. En nie alleen dit nie, maar ons self ook wat die eerstelinge van die gees het, ons sug ook in onsself in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam."
(Rom 8 vers 20 tot 23)

Nie dat ons dan apaties agteroor sit en sê: "Hierdie aarde is so verdorwe, ons kan tog niks daaraan doen nie." Elkeen van ons moet en kan 'n verskil maak, ook al is dit hoe klein. Word ons nie maar maklik ingesluk deur ons werk nie? Daar word so baie van ons verwag. Dit eis baie keer al ons energie op.

Belangrik is dat ons in ons gebede ook aan die natuur sal dink.

"Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon."
(2 Petrus 3 : 13)

Hilko Lubbinge *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk van Pretoria.*

Dwalende GEDAGTES in die CHEMOKAMER

Medies

Daar staan agt van dieselfde armleunstoele. Op elke leuning lê daar 'n hand met 'n naald in. Uit die naald drup daar gif in wat kanker genees! Gif wat genees? Jy probeer met jou oë om die druppels vinniger te laat val. Drie ure is darem lank, hoor. Ook al sit jy gemaklik. Soms is dit stil, soms hoor jy 'n diep sug, dan skielik word daar gelag en gesels. Die drie susters hou jou dop. As jy wil, kan jy skelm die druppels vinniger laat drup, met die draai van 'n knoppie. "Wil jy dalk jou bloedruk laat val?" "Nee, suster." As troos kry jy 'n koppie rooibos-tee. Gif wat genees? Was die Here Jesus maar hier, Hy hoef net iets te sê en… jy is gesond! Net soos met die melaatse.

Is God soms kliphard en liefde-vol? Waarom slaan Hy so hard? 'n Eggenote/eggenoot het gesterf, 'n kindjie het in die wiegie gesterf, 'n jong man is vermoor. Ons raak opstandig. Hulle is tog verbondskinders! God skop klip-hard teen 'n verhoogkassie onder jou voete, dink ek, en jy val hard op die grond. Toe besef ek die kassie is MY EIE EK. Die EK wat op sigself tog wel 'n goeie gelowige is, wat elke Sondag twee keer kerk toe gaan en psalms sing: "Loof die HERE, o my siel … sy heilige Naam!" Wat ook graag na die Evangelie luister. Was tog ook wel 'n goeie ouderling gewees. Wat ook met mense gepraat het oor die geloof. Maar Jesus het van angs bloed gesweet! Want sy Vader gaan Hom verlaat, die rug op Hom keer, die helse angs laat voel! 'n Klipharde God, dink ek.

Ek kyk op my horlosie. Wat! Dis maar net tien minute later. Ek moet badkamer toe gaan. Gelukkig kan jy. Jy vat jou perdjie (die stok met die sakkie gif) saam na die badkamer. Dis 'n bietjie lastig, maar dit werk. Ek vat 'n blokkiesraaisel en probeer my beste. Maar hoekom slaan God dan so hard? Die Seun het tog vir my betaal? Moet ek nou ook nog iets betaal? Skielik sien ek die prent voor my: VOETSPORE

Twee spore in die sand. Een van Jesus en een van die EK. "Maar hoekom het U weggeloop? Ek lê dan op die grond!" "Nee, my kind. Ek het nie weggeloop nie, dis nie jou voetspore nie, dis myne, Ek dra jou." Dus Hy skop hard teen die verhoogkassie (die EK-kassie). En… dan dra Hy jou.

Sjoe, dis nou maar eers 'n halfuur later. Ek kyk na die nuwe gifsak-kie wat die suster weer opgehang het. Ek skat die sakkie op 'n uur se drup… drup… drup.

Dis net asof Jesus die kassie oopbreek en dit maak so seer, dit stink. En toe besef ek skielik dat Jesus my wil genees van my eie EK. Die kassie moet stukkend getrap word en leeg raak. Dit maak baie seer. Maar dit moet gebeur. Dit werk genesend, dit maak regtig vry!! Net soos wat die gif jou bevry, bevry van kanker. Ons eie Ek het ook kanker. Dit moet vergiftig word. Ek dink aan die spreekwoord: "Eie roem stink." Wie roem, moet roem in die Here alleen. Die

besef daarvan kan 'n leeftyd lank neem. As jy dit eers besef en ERKEN, dan kom daar 'n geweldige bevryding en vrede en liefde in jou siel, vir God en jou naaste. Die lidmate in die gemeente oor wie jy so graag gesels en oordeel, pleks daarvan om met hulle te gesels oor GENADE.

Sjoe, die laaste sakkie met gif vat darem lank. Tog snaaks, die Here seën ook die gif wat in jou bloed indrup.

Iemand vra my of ek nou nader aan God leef. Die antwoord is nee! God leef nou nader aan my. Hy leer my om te se: Dankie, Here, dat U my wakker geskop het, al is dit baie seer en al neem dit so lank, 'n lewe lank.

Ek lees aan tafel die Skrifgedeelte wat aan die beurt is, 2 Korinthiërs 5 vers 1: "Want ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n gebou het van God, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele." "Hoekom neem dit soms so lank en kos dit soveel lyding, Here?" "Omdat Ek wil hê dat jy 'n mooi woning moet kry en dit neem soms 'n bietjie langer, my kind." Ja, sagte heelmeesters maak stinkende wonde. Jesus is gelukkig 'n harde Heelmeester. Hy sny baie diep en dit maak baie seer.

"Nog net die laaste sakkie om te spoel, dan kan u maar huis toe gaan." "Dankie, suster."

"Here, wil U die behandeling met gif van hierdie dag seën? Wil U my nog gesondheid gee? En indien nie, wil U dan by my bly en met die verhuising help, na die nuwe woning toe?"

Ek ry huis toe. Gelukkig weer bevry van die naald met gif. Netnou gaan ek lekker 'n middagslapie doen. Toe ek net aan die slaap wou raak, dink ek aan Sondag 1 van die Heidelbergse Katigismus. Daar staan iets oor die enigste troos, dat ek die eiendom van Jesus Christus is en dat Hy my nooit sal verlaat nie. Geen kind van Hom sal Hy verlaat nie. As jy vir jou eiendom met bloed betaal het, gaan jy dit tog nie verlaat nie! Ek droom van 'n verskriklike lang naald, baie dik en lank. Ek dink: "Steek maar raak, dit maak wel seer, maar dit maak gesond!"

Kanker is 'n pes, maar die EK-kassie is erger as kanker.

Toe ek wakker word, maak my vrou 'n lekker koppie koffie. Toe gee ek haar 'n drukkie en sê: "Soms stink die kassie nog, het jy my tog nog lief?" "Ja, my skat, *for ever and ever*." 'n Naald en 'n drukkie verrig wondere!

En so het Hy my dwalende gedagtes gelei, via die chemokamer na die Grootste Geneesheer van alle tye, wat met sy lyde en sterwe die ware bevryding verdien het, van die ware siekte verlos het, die ergste kanker, nl. die SONDE. En die grootste geskenk gegee het: "DIE VERGEWING VAN DIE SONDES." "Loof die HERE, o my siel … wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat AL JOU KRANKHEID GENEES." "Here, lei my DWASE gedagtes na U toe, sodat ek nie meer sal DWAAL nie.

'n Dwalende, maar dankbare kankerpasiënt

REAKSIE : Ag Here, gee ons u hulp

Reaksie

Verwys na voorbladartikel van September 2010:
AG HERE, GEE ONS U HULP.

Dit is met teleurstelling en droefheid dat ek hierdie artikel oor die samesprekings tot eenwording tussen die VGK en die GKSA, gelees het. Ek haal aan:

*Ons (*is dit redaksie *Kompas*? JS*) wil graag enkele sake noem wat in die samesprekings aan die orde moet kom, sonder om die een groep teen die ander uit te speel. As daar gepraat word oor die prediking, dan val dit op dat die prediking in baie gevalle oppervlakkig is. 'n Terugkeer na die verklaring en uitleg van die Bybel moet die hoogste prioriteit by predikante geniet. Wat die tug aanbetref, word daar al jare gekla dat dit nie reg beoefen word nie. Daar is laksheid veral ten opsigte van die besteding van die Sondae en daarmee saam die bywoning van die eredienste. Daar het 'n algemene verslapping in ons toepassing van die tug gekom.*

En verder:
'n Ander saak wat van belang is in die samesprekings, is die Christelike lewe van die gemeentes. Die afwesigheid van Bybelstudiegroepe wat die Woord bestudeer. Ons Bybelkennis en insig is so min. Predikante moet gewoonlik alles doen en die ouderlinge staan op die kantlyn en toekyk.

Teen wie word hierdie beskuldigings ingebring? Die VGK of GKSA of beide? Voordat *Kompas* sulke uitsprake kan maak, sal daar tog bewyse moet wees?
In feite kom dit hierop neer dat ampsdraers, wat deur God as herders oor die skape aangestel is, hul taak verwaarloos. Selfs al was dit die geval, dan moet sulke sake op Skriftuurlike wyse aangespreek word. Daarvoor het ons onderlinge toesig op mekaar. *Kompas* is verseker nie die podium nie.
Ons wil tog vertrou dat die ampsdraers wat afgevaardig is tot hierdie samesprekings, bevoeg is om te bespreek wat noodsaaklik is. Laat ons hulle wysheid toebid. Waar kry *Kompas* sy bevoegdheid om te wil voorskryf wat *aan die orde moet kom.*

Dit is nou al vir jare dat die samesprekings tussen die VGK en GKSA, op sinodevlak, nie tot eenwording gegroei het nie.

Ek betreur dit. Daar mag baie redes voor wees.
Laat ons eers soek na die Skriftuurlike eenheid wat ons saambind en laat ons daarna die moontlike verskille op broederlike wyse hanteer.

Mag God hierdie samesprekings seën.

***Jaap Smit** is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk van Pretoria.*

Reaksie - Repliek

Dit wat die grondslag van hierdie brief vorm, is die uitspraak van Jesus in sy hoëpriesterlike gebed (Joh 17:21): " dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U…"

Die doel van die redaksionele artikel was om die Here om hulp te vra, en tweedens om ons hand in eie boesem te steek. Laat ek probeer verduidelik.

Die titel van die artikel is: "Ag Here, gee ons hulp". Dit is 'n sterk bede, omdat ons regtig die Here se hulp nodig het ná soveel jare se samesprekings (sedert die 1950's) en daar nog geen vordering gemaak is nie. Nou is daar weer samesprekings, en laat ons tog almal die Here bid dat dit opbouend gaan wees. Mag die Here aan die persone wat betrokke is, kundigheid en wysheid gee! Die basis en vertrekpunt van die samesprekings is ongetwyfeld Artikel 29 van die NGB.

Soos in die artikel gesê word, word geen van die twee kerkgroepe eksplisiet bedoel nie. Elke kerk kan egter sy hand in eie boesem steek, soos ons dit almal voortdurend moet doen.
Daar word geen beskuldigings gemaak nie. *Kompas* het egter ook die bevoegdheid om volgens die belydenisskrifte sy stem te laat hoor om te verootmoedig en die hand in eie boesem te steek.

Dat *Kompas* oor hierdie samesprekings skryf, is omdat die saak belangrik is. Ons hoop dat die samesprekings oop sal wees en dat die resultate van gesprekke ook aan *Kompas* gegee sal word. Geen beskuldigings dus nie.

Dit is slegs 'n oproep tot introspeksie, en die hoop word uitgespreek dat die samesprekings konstruktief mag wees. Die eenheid van die kerk lê altyd in die eenheid van die Bybel en die lewe. Eenheid word positief gebou as albei kerkverbande voortdurend reformerend is.

***Prof Hans Boon** is lid van die Vrye Geref Kerk van Johannesburg.*

REËNBOOGKERKE

In Pers-pektief

Baie mense hoop Suid-Afrika beweeg stadigaan van ’n land met kultuureilande na ’n land waarin die inwoners een reënboogkultuur sal vorm. Die verskillende kleure van die mense in die land sal nog wel onderskei kan word, maar hul kultuur is dan tot ’n groot mate saamgevoeg tot ’n veelkleurige eenheidskultuur. Skeidslyne op grond van ras op die sosiale, maatskaplike, onderwys-, inkomste- en ander terreine sal dan verdwyn. Dit sal die groot omkeer wees ná apartheid. En waar sou dit beter gerealiseer kon word as binne kerke? Of is hierdie ideaal weerbarstig?

Op 2 September 1998 het ‘n “bruin” en ‘n “wit” kerk in Wynberg volgens ’n onderlinge ooreenkoms besluit om hulle tot een gemeente te verenig. Dit was die plaaslike gemeentes van die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) en van die Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK) wat vanaf dié tyd bekend gestaan het as die Gesamentlike Gemeente Wynberg. Die lidmate van die twee gemeentes het op 3 Junie 2008 verklaar: “Ons glo dat die Here ons nou daartoe roep *(tot ‘n gesamentlike gemeente* - outeur*)* – ons kan nie anders nie”.

Reeds vanaf 1991 het hulle begin saamwerk en in 2007 het hulle begin met gesamentlike eredienste. Oor die dramatiese uiteinde van hierdie samesmelting berig Marlene Malan in *Rapport* van 12 September 2010 onder die opskrif “Bruin en wit kerk uiteen”. Verdere inligting hieroor kan gekry word op die webwerf van die NG Kerk Wynberg: www.ngkerkwynberg.co.za onder die afdeling “Herenigingsproses”. Me Malan berig soos volg:

“Die Gesamentlike Gemeente Wynberg is sedert 1991 voorgehou as ’n voorbeeld van samesmelting op grondvlak, terwyl nòg die NG Kerk nòg die VGK op sinodevlak enige vordering met kerkeenheid maak. ’n Ander spiritualiteit en verskillende aanbiddingswyses. Verskillende sienings oor hoe bruin en wit, ‘wat met dwang bymekaargevoeg is’, behoort te aanbid. En ’n reuse-probleem met die NG Kerk se ‘manier van doen’. Dis van die redes wat die VGK Wynberg blykbaar aanvoer oor waarom hy nou alle kommunikasie met sy jarelange kerkmaat, die NG-gemeente Wynberg, opgeskort het. Hulle woon nie meer mekaar se eredienste by en bied geen bidure, Sondagskool of enige ander kerk-aktiwiteit saam aan nie.”

Ds Sarel Christians van die Wynbergse Ring van die VGK beskuldig ds Danie Nel van die NGK daarvan dat hy die NG Kerk se reglemente op hulle wil afdwing. Kerkhereniging lê volgens ds Winston Samuels van die VGK Wynberg op sinodale vlak, nie op gemeentevlak nie. “Ons het dit al baie keer gestel dat ons nie weet hoekom die NG Kerk so haastig is met dié uiters ingewikkelde proses nie”. “Die NG kerk Wynberg sit met ’n model vir kerkhereniging wat in Nederland gaan haal is. Ons situasie in Afrika en in die besonder in Suid-Afrika was totaal anders as enige Europese opset”. Ds Nel van die NG kerk Wynberg meld dat die onvermoë van die VGK se kerkraad om die samewerkingsooreenkoms goed te keur, ’n negatiewe uitwerking op NG-lidmate gehad het. “Hoewel ons hard probeer het, het ons kennelik nie aan die verwagtinge van die VGK voldoen nie”.

Ds Danie Nel meld oor die “model vir kerkhereniging wat uit Nederland gaan haal is” die volgende: “Ons het in hierdie opsig baie geleer by ’n beproefde model wat die Protestantse Kerk in Nederland (PKN) gebruik wanneer Hervormde, Gereformeerde en Lutherse gemeentes saamwerk om te verenig. Hiervolgens word daar eers ’n gesamentlike of gefedereerde gemeente gevorm waarin daar oor die hele lewe en arbeid van die gemeentes saamgewerk word. Alles word saam bestuur. Die gemeentes kan net nie vaste eiendom saam besit nie, omdat hulle nog twee aparte regspersone bly. Sou die sinodes verenig, kon die gemeentes verder gaan om een regspersoon te word. Ons het die model vergelyk met ’n huwelik wat buite gemeenskap van goedere plaasvind. Prof Leo Koffeman, dosent in Kerkreg aan die Protestantse Teologiese Universiteit in Utrecht, het die model tydens ’n konferensie bespreek wat op 5 en 6 November 2008 by die NG Kerk Wynberg aangebied was. Die Nederlandse model is verwerk om aan die reglemente van die NGK en die VGK te voldoen.”

Wat ons uit hierdie verwikkelinge kan aflei, is dat die ernstige en opregte pogings van die twee gemeentes om as ’n eenheid te funksioneer, (nog) nie suksesvol was nie. Daar word redes genoem wat betrekking het op geloofsbelewing en eredienste (spiritualiteit en aanbiddingswyses) en redes van organisatoriese aard (ondertekening van ’n samewerkingsooreenkoms en reglemente). Dit is jammer om te moet vasstel dat daar sodanige redes is wat verhoed dat mense van verskillende kulture saam kan funksioneer as een



Die NG Gemeente Wynberg en VGK Gemeente Wynberg se kerkgeboue

kerk. Blykbaar is die ideaal van gemeentelike eenheid, ná jarelange afsonderlike funksionering, nie so maklik bereikbaar nie.

Wat kan ons uit hierdie ontwikkeling leer? In die eerste plek dat binne sekere gemeenskappe en kulture ook 'n eie vorm van geloofsbelewing (spiritualiteit) en erediens onstaan. Die een kultuur is meer emosioneel (ek moet dit voel) en die ander meer rasioneel (ek moet dit verstaan). Maar hierdie verskille kan ook binne dieselfde kultuur tussen opvolgende generasies ontstaan, soos in Nederland waar in moderne kerke die orrel vervang is deur 'n "beat-band" en die Geneefse melodieë deur opwekkingsgesange. Dit veroorsaak inderdaad spanning en vervreemding, waarmee baie versigtig omgegaan moet word, met oorreding (dus rasioneel...) eerder as met dwang.

In die tweede plek kan ons aflei dat "maniere van dinge doen" kan verskil. Die een groep meen dat ooreenkomste in dokumente vasgelê moet word, waaraan die partye dan gebind is en aan gehou kan word. Vir 'n ander is 'n ooreenkoms meer verbaal en dinamies en moet daar ruimte wees vir aanpassings as dit nodig mag wees. Moeites in die sendingsgebiede van die GK Nederland in die Kongo en op Papua het ook met hierdie sake te doen gehad. As ek 'n persoon help, mag ek dan verantwoording daarvan vra om te sien of my hulp bestee is vir die doel waarvoor ek dit gegee het? Dit is in Afrika (en elders) blykbaar nie so vanselfsprekend as in Europa nie.

Die derde aspek wat van belang is, is die terugval op "kerkhereniging lê op sinodale vlak". Dit is 'n wegskram van jou eie verantwoordelikheid (en het in hierdie geval waarskynlik meer te doen met "kerkpolitiek"). Daar moet in hierdie verband onthou word dat in die VGK en die NGK die plaaslike gemeentes onderafdelings is van die nasionale of regionale kerk (enkelvoud) en geen selfstandige regspersoonlikheid het nie. Wat betref die kerkregtelik aspekte haal ds Danie Nel die Baselse teoloog Karl Barth aan wat sê: kerkreg moet dienend, liturgies, lewend (dinamies) en eksemplaries wees ("Die kirchliche Dogmatik", deel IV/2, Zurich, 1964, 768vv). As die heersende kerkreg / kerkorde 'n goeie ontwikkeling in die kerke sou belemmer, dan moet dit aangepas of met soepelheid toegepas word.

Ds Nel formuleer die volgende aanbevelings vir kerke wat deur 'n soortgelyke herenigingsproses gaan:

"Versoening kan nie plaasvind voordat harte nie vir mekaar oopgemaak word nie. Dit begin dikwels met 'n skoonmaakproses waartydens daar dinge gesê word wat kan wond. Hierdie pyn en frustrasies moet eers uitgesels word: wees dus bereid om houe te ontvang.

- Versoening verg geduld en blootstelling van jouself. Soms voel dit of jou wortels losgeskud word. Wat jy voorheen geglo het waar, seker en reg is, gaan nie noodwendig ook so vir ander wees nie. Wees daarom oop om gekorrigeer te word en voorbereid op soms ontstellende ontdekkings.
- Wees opreg en neem met integriteit deel aan die gesprek. Dis belangrik dat die ander party sal aanvoel dat jy bedoel wat jy sê en dat jy nie net daarop uit is om op een of ander manier punte aan te teken nie.
- Sê wat jy dink en hoe jy oor sake voel. Onthou om sake te "relativeer": met ander woorde besef dat jy waarskynlik iets sê vanweë jou huidige situasie en agtergrond, en dat nuwe inligting en blootstelling ook daardie standpunt kan verander.
- Moenie net "praat ter wille van praat" nie, praat oor goed wat saak maak en omdat julle

mekaar beter wil leer ken. Slegs wedersydse openhartigheid kan meebring dat die brug wat gebou word, gaan hou.

- Konsentreer op die dinge waaroor daar saamgestem word en los eers die verskille. Moenie aanvanklik in sinodeproblematiek .... vasval nie. Eers as beter verhoudings bestaan, kan daardie sake aandag kry.
- Hoewel samewerking op kommissievlak belangrik is, bring blootstelling in kleingroep-verband dikwels gouer 'n openheid en bereidheid om mekaar te huisves.
- Gereelde kontak tussen leraars is belangrik. Dit skep ruimte vir die wegruim van wantroue en nader beweeg na mekaar toe.
- Daar moet vooraf 'n duidelike verbintenis by partye wees om voort te gaan met die proses van versoening en eenheid ongeag struikelblokke wat kan opduik."

Werklike gemeenskap bestaan tussen mense, nie tussen organisasies nie. In die Bybel staan die bekende woord "koinonia", wat gemeenskap, broederskap, solidariteit of gawe beteken (die kern van die woord "gemeente"). Hierdie gemeenskap moet in die eerste plek vorm kry in die gemeenskaplike geloof in die Drie-enige God. Dit is die basis vir kerklike eenheid. Maar dan volg ook die gemeenskaplike sorg vir en omsien na mekaar. En as 'n mens die gemeenskap van die gelowiges nog wyer trek (want die gelowiges is ook "in" die wêreld met 'n taak) dan het ons ook 'n getuienis-gemeenskap met die wêreld buite die kerk.

As gelowiges mekaar nie op grondvlak ontmoet nie, sal daar slegs 'n formele kerklike eenheid kan ontstaan, wat nie werklik leef nie. Wil kerke werklik nader aan mekaar kom, dan sal dit op gemeentelike vlak gestalte moet kry. Waar daar geloofs-eenheid op grond van belydenis is, moet die ander aspekte van gemeenskap ook vorm kry. Christus roep op tot sigbare en funksionele eenheid van al sy kinders (Joh 10:16), sover moontlik plaaslik binne een kerk en nasionaal binne een kerkverband. Dit kos inspanning en moeite, maar dit is 'n roeping en moet nie ligtelik opgegee word nie.

Hans Moes *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk van Kaapstad.*

ADVERTENSIES

GORDONSBAAI - HOOGGENOEG
3 slaapkamer vakansiehuis vir 4-5 persone met uitsig op see en berge.
Vir verdere inligting en besprekings kontak ons by:
www.hooggenoeg.co.za
jettysalomons@telkomsa.net
082 320 6577 of 021 856 0736
Piet en Jetty Salomons

On the Balcony
selfsorg-eenheid vir maksimum 4 persone.
Volledige inligting beskikbaar op
www.wheretostay.co.za/onthebalcony/
of ingridkl@iafrica.com
of 021 910-2260
Gert & Ingrid Klapwijk

Hurter Spies Ing.
prokureurs • attorneys
Prokureurs, Notarisse en Aktevervaardigers
- Eiendomsreg
- Opstel van koopooreenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of Johan Hurter
Telefoon 012-664-0708
of epos willie@hurterspies.co.za

BOEKENUUS

NUWE BOEK:

Onnoemelijk veelzijdig over de namen van God / Egbert Brink
In die Bybel vind ons verskillende name waarmee God Hom aan ons bekendmaak. Sommige name is nie altyd so bekend onder ons nie. Die name van God is egter baie veelseggend. Dit vertel hoe Hy is en wat Hy doen. Die name beskryf Hom in al sy veelsydigheid en Goddelikheid. Hierdie name help ons in ons omgang met God. (109 bladsye – R 155)

NUWE BOEK:

Dienende mannen en vrouwen / J J Schreuder
In het huwelijk en in de kerk
Seuns en meisies groei saam op. Hulle gaan saam skool toe, daarna universiteit of kollege toe en staan dan in verskillende beroepe hul 'man' (vrou). Die verskil tussen mans en vrouens is baie minder as 'n generasie of wat gelede. Ons ervaar dit as positief. Moet die verskille tussen man en vrou in die kerk en huwelik ook vervaag? Of moet ons die onderskeid handhaaf? Is daar take in die kerk wat slegs vir mans gereserveer is? Hoe kan ons as mans en as vrouens ons gawes in diens van God en van mekaar gebruik? Hierdie publikasie wil op bogenoemde vrae vanuit die Bybel, in ons veranderde kultuur, antwoorde gee. (R 120)
(*Woord & Wereld* 85)



Worstelinge oor die waaroms van die lewe / B Duvenhage
"Wat maak jy met die swaarkry en teleurstellings in jou lewe? Besef jy dat, wanneer jy teen die muur vasgedruk word, daar 'n deur is? Kan lyding jou lewe sinvol maak? Hoe raak jy van jou bekommernisse ontslae? Waarom is die nabyheid van die Here die bron van jou vrede? Hierdie boek wil 'n reisgids op jou bergpad wees om jou tot op die kruin van oorwinning te bring."
Hierdie publikasie is saamgestel uit lesings wat die skrywer aan die Bybelskool van Centurion gehou het. 'n Bybelse studiegids oor die worstelinge van gelowiges in tye van lyding en droefheid. In hierdie boek word duidelik dat die **vraagtekens** wat in tye van swaar lyding in die gemoed van 'n mens ontstaan, deur die geloof in Jesus Christus in **uitroeptekens** kan verander. (152 bladsye – R 80)



Salt and light / Breen, Kroeze & Wielstra
Hierdie publikasie bestaan uit lesings gehou tydens die jeugkongres van die *Free Reformed Churches of Australia* in 2003 te Tasmanië:
Ds J Kroeze oor "Evangelism"
Br A C Breen oor "Yahweh's law and the Lords prayer"
Br J R Wiestra oor "Taming the tongue"
(78 bladsye – R 100)



Free access to heaven / G van Rongen
'n Studiegids oor die boek Hebreërs geskik vir persoonlike Bybelstudie sowel as in groepsverband. Uitgegee deur *The league of Free Reformed Women's Bible Study Societies in Australia.*
(70 bladsye – R 70)



A mirror of the manifold wisdom of God / J Smelink
'n Studiegids oor die brief van Paulus aan die Hebreërs. Geskik vir persoonlike Bybelstudie sowel as in groepsverband. Uitgegee deur *The league of Free Reformed Women's Bible Study Societies in Australia.*
(43 bladsye – R 65)

FOLMER BOEKHANDEL

Bogenoemde boeke is verkrygbaar / kan bestel word by:

Folmer Boekhandel (Kaapstad)
Proteaweg 95, Proteahoogte, Brackenfell, 7560
Tel: 021 982 1402
e-pos: eendenkooi@telkomsa.net

Folmer Boekhandel (Pretoria)
Laseandralaan 115, Moregloed, 0186
Tel/faks: 012 333 8064
epos: folmerpta@telkomsa.net

Petro Drijfhout
folmerboek@telkomsa.net Tel/faks: 012 543 3597

Stigting Woord en Wandel
(Eienaar & Uitgewer)
Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Dr Gerard Hagg
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 0127
Faks 086 651 9719
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:
Printburo (telnr 012 335 9134)

Redaksie:
Prof Hans Boon (eindredakteur)
Douwe Drijfhout
Willemien Kleijn
Irene van der Meer

Subredakteurs:
Leer & Lewe:
Douwe Drijfhout
Gesin & Opvoeding:
Petrie Eefting
Venster op die Bybel:
Ds Jopie van der Linden
Elders Gelees:
Ds Erik van Alten
Samelewing & Politiek:
Willie Spies
Wetenskap & Tegnologie:
Lodewijk IJlst
Sending & Evangelisasie:
Irmarie Bosman
Kuns & Kultuur/Resensies:
Jenny Boon
In Pers-pektief:
Hans Moes
Onderhoude/Verslae:
Tanya de Vente-Bijker

Redaksieadres:
Laseandralaan 115
Moregloed 0186
e-pos : kompas@vgk.org.za

Advertensies:
Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode : 16 03 45
Reknr : 1603 031 820
Vermeld asb u naam en lidnommer

Intekengelde (per jaar):
RSA per e-pos : R55
RSA per hand : R110
RSA per pos : R150
Buiteland per e-pos : €10
Buiteland per seepos : €30
Buiteland per lugpos : €40

KOMPAS is die maandblad van 'n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gerefor-meerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is. Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande predikante of sendelinge in verbinding te tree:

- **Ds P Abrahams :**
  Bauhinia Close 12, Belhar 7490 tel 021 953 0940 /
  pabrahams@webafrica.org.za
- **Ds C Kleijn :**
  Corneliusstraat 1071, Panorama, A H, Weltevredenpark 1709; tel 011 679 1646 /
  dskleijn@vgk.org.za
- **Rev BA Matlaela :**
  Soshanguve Noord; tel 073 241 9963
- **Rev T Mogale :**
  19675 Phathudistr, Mamelodi-Oos 0122; tel 012 801-7937 /
  kgwadumogale@vodamail.co.za
- **Ds HH van Alten :**
  Walterlaan 1295, Waverley 0186; tel 012 332-3256 /
  hhvanalten@vgkmaranata.org.za
- **Ds E Viljoen (leenpredikant vir 2010):**
  Koedoestraat 33, Bethal 2310; tel 017 647 6881 / 084 440 2428
  emyn04@gmail.com

Sendelinge in diens van die kerke is:

- **Ds DM Boersma :**
  Hibiscusstraat 54, Chantelle 0182 tel 012 549-3668 /
  dmboersma@vgkmaranata.org.za
- **Ds PG Boon :**
  Dunwoodielaan 1201, Waverley 0186; tel 012 332-1028 /
  pgboon@vgkmaranata.org.za
- **Dr JA Breytenbach :**
  Blackwoodstr 12, Bellair, Bellville 7530; tel 021 919-4215 /
  hmbreytenbach@gmail.com
- **Ds T de Boer :**
  Mantova 30, Aerangisstraat, Môregloed 0186; tel 012 333-5602 /
  tdeboer@vgkmaranata.org.za
- **Rev MP Magagula :**
  575 Blok GG, Soshanguve 0152; tel 012 798-1553 /
  magagula@telkomsa.net
- **Rev J Mhlanga :**
  Kerkgebou, 624 Blok WW, Soshanguve-Suid; tel 012 791-0983 /
  jmhlanga@vgkmaranata.org.za
- **Rev GF Mnisi**
  Soshanguve; tel 072 237 2412

Koste vir die plasings van advertensies:

Vol bladsy :	R 480
Driekwart bladsy :	R 360
Twee-derde bladsy :	R 320
Halwe bladsy :	R 240
Een derde bladsy :	R 160
Een kwart bladsy :	R 120
Een agste bladsy :	R 60
Een sestiende bladsy :	R 30